



# education

Department:  
Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

**GRAAD 12**

**MUSIEK V2**

**NOVEMBER 2008**

**PUNTE: 33**

**TYD: 1½ uur**

**EKSAMENNOMMER:**

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en 1 rofwerkblad.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
2. Kandidate moet die antwoorde op die VRAESTEL invul.
3. Beantwoord AL die vrae.
4. Hierdie eksamen sal geskryf word terwyl die kandidate na 'n CD luister.
5. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Die kandidaat mag dit verwijder.
6. Die musiekonderwyser (-es) van die sentrum moet die eksamen in die teenwoordigheid van 'n eksamenopsiener afneem.

**INSTRUKSIES VIR DIE MUSIEKONDERWYSER/EKSAMENOPSIENER**

- Die musiekonderwyser moet die CD ten minste EEN WEEK voor die eksamen in die teenwoordigheid van die hoofopsiener toets. Die CD moet op die CD-speler wat gedurende die eksamen gebruik gaan word, getoets word.
- Gebruik 'n gesikte lokaal. Maak seker dat die klankkwaliteit en akoestiek aanvaarbaar is. Beide die musiekonderwyser en die hoofopsiener moet teken dat hulle die CD oopgemaak en getoets het.
- CD-spelers moet met batterye toegerus wees om te verseker dat klankvoorbeeld gedurende 'n kragonderbreking gespeel kan word.
- Elke musiekuittreksel (snit) moet die aantal kere soos op die vraestel aangedui, gespeel word. Laat genoegsame tyd tussen die herhaling van snitte toe om kandidate die geleentheid te gee om hulle antwoorde neer te skryf voordat die volgende snit gespeel word.

**AFDELING A: GEHOOR****VRAAG 1: HERKENNING VAN RITME****Snit 1 (moet DRIE keer gespeel word)**

Luister na die uittreksel van *Strutten'* uit *The easiest way to improvise* deur Christopher Norton wat DRIE KEER gespeel sal word. Vergelyk die ritmepatroon van elk van die TWEE melodieë met die klankopname. Merk die blokkie langs die musiekvoorbeeld wat ooreenstem met die musiek wat jy hoor.

Hierdie opname is in swingstyl, wat beteken dat  as  gespeel word.

A.




B.




[1]

**VRAAG 2: DIKTEE**

Lees deur die vrae hieronder:

**Snit 2 (moet VYF keer gespeel word)**

- Speel snit 2 twee keer direk na mekaar.
- Wag vir 2 minute en speel dit dan vir 'n derde keer.
- Wag vir 2 minute en speel dit twee keer vir die vierde en vyfde kere.

Vul die ontbrekende note van die boonste melodie wat jy in mate 3 – 4 hoor, op die notevoorbeeld hieronder in. Die toonsoort is B<sup>b</sup> majeur. Solfa-notasie sal aanvaar word.

Uittreksel uit Tymphony vir Tjello en Klavier

Niel van der Watt

$\text{J} = 60$

[3]

**VRAAG 3: KADENSE**

Jy sal VIER uittreksels hoor wat elk TWEE KEER gespeel word. Omkring die kadens waarmee elke snit eindig. Elke uittreksel begin met die tonika-akkoord.

**Snit 3 (moet TWEE keer gespeel word)**

Volmaak	Onderbroke	Plagaal	Onvolmaak	(1)
---------	------------	---------	-----------	-----

**Snit 4 (moet TWEE keer gespeel word)**

Volmaak	Onderbroke	Plagaal	Onvolmaak	(1)
---------	------------	---------	-----------	-----

**Snit 5 (moet TWEE keer gespeel word)**

Volmaak	Onderbroke	Plagaal	Onvolmaak	(1)
---------	------------	---------	-----------	-----

**Snit 6 (moet TWEE keer gespeel word)**

Volmaak	Onderbroke	Plagaal	Onvolmaak	(1)
				[4]

**TOTAAL AFDELING A:** 8

**AFDELING B: HERKENNING VAN MUSIEKKONSEPTE****VRAAG 4****Snit 7 (moet TWEE keer gespeel word)****Wag asseblief een minuut voordat dit vir die tweede keer gespeel word.**

Luister na die begin van die eerste beweging van Mozart se *Kwartet in F, K370*, en beantwoord die vrae. Omkring die korrekte antwoord waar van toepassing.

- 4.1 Watter instrument speel die melodie? Omkring jou antwoord.

Tjello	Altviool	Hobo	Viool	(1)
--------	----------	------	-------	-----

- 4.2 Tot watter instrumentfamilie behoort hierdie instrument?

**Antwoord:** \_\_\_\_\_ (1)

- 4.3 Hoeveel instrumente speel in hierdie ensemble?

**Antwoord:** \_\_\_\_\_ (1)

- 4.4 Watter EEN van die volgende terme beskryf die TEMPO van hierdie werk?

Andante	Allegro	Prestissimo	Dolce	(1)
				[4]

**VRAAG 5**

Luister na *Djola* uit *Master Drummers of Africa* deur Ipelegeng en beantwoord die vrae.

Die titel van hierdie werk, *Djola*, is 'township slang' vir 'n informele byeenkoms, of om 'n goeie tyd te hê. Die instrumente wat gebruik word, is djembetromme, 'n klok en 'n ratel.

**Snit 8 (moet TWEE keer gespeel word)****Wag asseblief 30 sekondes voordat dit vir die tweede keer gespeel word.**

Beskryf die tekstuur van hierdie musiek. Verwys na die aanvang sowel as die vokale gedeelte.

**Antwoord:** \_\_\_\_\_

---



---



---



---

[2]

**VRAAG 6****Snit 9 – 23 (elke snit moet EEN keer gespeel word)**

- Hulle kan direk na mekaar gespeel word.
- Kondig elke keer die snitnommer aan.

- Luister na snit 9 tot 23 en beantwoord enige NEGE van die 15 uittreksels.
- Dui jou NEGE keuses duidelik aan deur die vraag van jou keuse te omkring, byvoorbeeld, 6.1, 6.2, ensovoorts.
- Jy mag die vrae wat jy kan doen, merk terwyl jy na die musiek luister, en daarna jou finale antwoorde omkring.
- Omkring SLEGS NEGE antwoorde. Neem kennis dat slegs die eerste nege antwoorde wat omkring is (byvoorbeeld 6.1, 6.3, ensovoorts), gemerk sal word.

**EEN PUNT PER KORREKTE ANTWOORD**

6.1	<b>Snit 9</b>	Afrika-koormusiek	Romantiese Koormusiek	(1)
6.2	<b>Snit 10</b>	Musiekteater	Opera	(1)
6.3	<b>Snit 11</b>	Opera	Musiekteater	(1)
6.4	<b>Snit 12</b>	Township-musiek	Afrika-jazz	(1)
6.5	<b>Snit 13</b>	Klassieke Musiek	Neo-klassisisme	(1)
6.6	<b>Snit 14</b>	Romantiese Simfonie	Klassieke Simfonie	(1)
6.7	<b>Snit 15</b>	Heavy Metal	Jazz	(1)
6.8	<b>Snit 16</b>	Blues	Popmusiek	(1)
6.9	<b>Snit 17</b>	Ragtime	Romantiese Karakterstuk	(1)
6.10	<b>Snit 18</b>	Romantiese Periode	Barokperiode	(1)

6.11	<b>Snit 19</b>	Polifonie		Homofonie	(1)
6.12	<b>Snit 20</b>	Heavy Metal		Brit Pop	(1)
6.13	<b>Snit 21</b>	Vioolkonsert		Trompetkonsert	(1)
6.14	<b>Snit 22</b>	Klassieke Klaviersonate		Romantiese Karakterstuk	(1)
6.15	<b>Snit 23</b>	Op die blues-toonleer gebaseer		Op 'n raga gebaseer	(1) <b>[9]</b>

**TOTAAL AFDELING B: 15**

**AFDELING C: VORM****VRAAG 7**

**Snit 24 (moet DRIE keer gespeel word op die volgende wyse):**

- Wag 3 minute, terwyl die kandidate die vrae deurlees.
- Speel dan snit 24 vir die eerste keer.
- Wag 'n verdere 5 minute. Speel dan snit 24 vir die tweede keer.
- Wag 8 minute. Speel dan snit 24 vir die laaste keer.

Lees die vrae deur en luister na *Rondeau from Abdelazar* van Henry Purcell.

### Rondeau from *Abdelazar* (1695)

Henry Purcell

The musical score consists of 12 staves of music in 3/2 time, with a treble clef. The music is divided into two sections: section 'a)' covers measures 1-37, and section 'b)' covers measure 38 onwards. Measure numbers are indicated on the left side of each staff.

Omkring die korrekte antwoord waar van toepassing.

- 7.1 Hoeveel keer hoor jy die volgende melodie (A) in hierdie werk?

**Antwoord:** \_\_\_\_\_ (1)

- 7.2 Die werk is in die ... gekomponeer.

Romantiese periode	Barokperiode	Impressionistiese periode
--------------------	--------------	---------------------------

(1)

- 7.3 Die hooftonsoort van die werk is ...

D majeur	F majeur	D mineur
----------	----------	----------

(1)

- 7.4 Bestudeer die melodiese figuur in maat 3 van die melodie, soos hierbo aangehaal in VRAAG 7.1. Watter komposisietegniek word in mate 4 – 6 gebruik?

**Antwoord:** \_\_\_\_\_ (1)

- 7.5 Hierdie werk is in rondovorm, wat uit 'n hooftema en twee episodes bestaan. Noem die mate waar die eerste episode (B) en die tweede episode (C) voorkom.

**Antwoord:** \_\_\_\_\_ (2)

- 7.6 Watter EEN van die volgende skematiese uiteensettings verteenwoordig die vorm van hierdie werk?

A B A	A B A C A	A B A C A Koda
-------	-----------	----------------

(1)

- 7.7 Omkring *a* of *b* hieronder, om die volgende sin te voltooi:

Purcell skep 'n kragtige opening deur die melodie met 'n stygende ... te begin.

- (a) toonleerpassasie
- (b) arpeggiopassasie

(1)

- 7.8 Die melodie van die eerste episode (B) is 'n getransponeerde weergawe van die eerste twee mate van die hooftema. Identifiseer die toonsoort van hierdie episode (B).

**Antwoord:** \_\_\_\_\_ (1)

- 7.9 Beskryf die tweede episode (C) kortlikse deur na spesifieke mate te verwys.

Verwys na die volgende:

- (a) Ritme
- (b) Komposisietegnieke
- (c) Kadens

**Antwoord:** \_\_\_\_\_

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

(3)

- 7.10 Is die tekstuur van die werk homofonies of polifonies?

**Antwoord:** \_\_\_\_\_ (1)

- 7.11 Benoem die akkoord in maat 1.

**Antwoord:** \_\_\_\_\_ (1)

- 7.12 Benoem die akkoord in maat 9.

**Antwoord:** \_\_\_\_\_ (1)

- 7.13 Beskryf die stemming van die werk kortlikse.

**Antwoord:** \_\_\_\_\_

(1)

7.14 Benoem die nieharmoniese note gemerk *a* en *b* op die partituur.

**Antwoord:**

(a) \_\_\_\_\_

(b) \_\_\_\_\_

(2)

7.15 Noem TWEE komponiste wat in dieselfde tyd as Purcell geleef het.

**Antwoord:** \_\_\_\_\_

(2)

**TOTAAL AFDELING C (20 ÷ 2):** 10

**GROOTTOTAAL:** 33

**LAAT ASSEBLIEF  
HIERDIE BLADSY  
OOP**

NSS  
ROFWERKBLAD